# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (41/12)

*Justin Chadwick (19 Oktober 2012)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK** "I hear and I forget. I see and I remember. I do and I understand" Confucius*

## ARBEIDSONRUS

Suid-Afrikaanse besigheidsmense het 'n sug van verligting geslaak toe die vervoerstaking verlede week afgelas is. Te meer so ook uitvoerders wat simpatieke hawe- en spoorstakings hierdie week in die gesig gestaar het – wat afgelas is in die nasleep van die onderhandelde skikking. Op die vooraand van wat uitgedraai het as die finale rondte van onderhandelinge, het Fruit South Africa 'n ope brief aan SATAWU gestuur en by die unie gepleit om die lot van baie werkers in die vrugtebedryf, wat afhanklik is van 'n werkende hawe-omgewing, in ag te neem. Die ope brief het media belangstelling gewek – en as die Voorsitter van Fruit South Africa is ek vir radio-onderhoude by Talk Radio 702, Jakaranda FM, RSG, Five FM en Eye Witness News genader, terwyl Anton Kruger van die FPEF 'n onderhoud op eTV News gehad het (ek het net 'n voorkoms vir die radio). Of dit 'n rol in die beëindiging van die staking gespeel het of nie – almal was verlig om die einde van 'n lelike staking, wat gekenmerk is deur intimidasie, moedswillige beskadiging van eiendom, en (mees ontstellend) die verlies van lewens, te sien. Daar is beraam dat die staking werkers R200 miljoen aan verlies aan inkomste gekos het – en ek is seker baie vra of dit die moeite werd was. Baie sal nooit vir die verlies aan inkomste kan opmaak nie en die gevolglike styging in voedselpryse as 'n gevolg van die staking sal die ergste deur die armes gevoel word. Suid-Afrika se verswakking in kredietposisie sal die koste van skuld beïnvloed. Terwyl daar baie debatte is oor wat die rede vir die onrus was, insluitend politieke "posturing" voor die groot vergadering in Desember en 'n gebiedsoorlog tussen werkers-unies, doen die impak van sulke aksies nie die land goed nie. Baie sien Suid-Afrika in 'n sterk posisie om voordeel uit sy gesonde ekonomie te trek omdat ons feitlik ongedeerd deur die globale ekonomiese resessie gekom het – nou het ons 'n paar stappe agteruit gegaan.

## VERSLAG OOR CHINA

CGA het Promar International gekontrakteer om navorsing oor die Chinese mark te doen – insluitend China en Hong Kong. Die verslag dek die volgende: •China en Hong Kong se ekonomiese agtergrond •Verbouing van vrugte in China oor die laaste 10 jaar – met spesiale verwysing na sitrus •Sleutel invoere van vrugte en ander landbouprodukte na China en Hong Kong oor die afgelope 10 jaar •Invoere van sitrusvrugte na China en Hong Kong oor die laaste 10 jaar en die prestasie van die belangrikste verskaffers. •Verspreidingskanale in China en Hong Kong – kleinhandel en voedseldiens •China en Hong Kong se regulasies vir marktoegang – dek beide tarief en nie-tarief struikelblokke •Terugvoering van handelsonderhoude •'n "SWOT" analise van die Chinese en Hong Kongse sitrusmark vir SA uitvoere •Die identifikasie van geleenthede vir SA uitvoerders en belangrike aksiepunte.

Hierdie verslag is aan die CGA se Raad, Variëteitsfokusgroepe en FPEF-lede gestuur. Die verslag se grootte is 2 MB, en kan om die rede nie aan alle produsente gestuur word nie – as daar egter 'n produsent is wat 'n kopie verlang, kontak my asseblief (justchad@iafrica.com). Alternatiewelik – die verslag is aan alle CMF-lede beskikbaar op die lede-afdeling van www.cga.co.za. Net om jul belangstelling te prikkel – die verslag toon dat as 'n gekonsolideerde siening van Suid-Afrika as 'n sitrusuitvoerder teenoor die res van die wêreld geneem word, het Suid-Afrika veral in die areas van interne gehalte, vruggrootte, rakleeftyd, kultivar-seleksie en betroubaarheid in voorsiening goed gevaar. Suid-Afrika het minder goed gevaar in terme van prysvlakke, betalingsteme en invoerdokumentasie. Suid-Afrika het net soos die ander gevaar in terme van logistiek, integriteit en etiek en algehele manier van sake doen. Vir meer inligting sal jul die verslag moet lees.

## ONTHOU ASSEBLIEF – MARKTOEGANGS-WERKSWINKEL EN SITRUSBEMARKINGSFORUM (CMF)

Alle produsente, uitvoerders en ander rolspelers word uitgenooi om **'n Marktoegangs-werkswinkel op 31 Oktober vanaf 08:30 tot 13:00** by te woon. Dit sal deur die **CMF vanaf 14:00 tot 17:00** gevolg word. Beide vergaderings sal by Olive Grove, Infruitec, Stellenbosch gehou word. RSVP asseblief aan gloria@cga.co.za of 0317652514 as jy die vergaderings wil bywoon.

## GEPAK EN VERSKEEP

Daar is kommer oor die betroubaarheid van die data van wat verskeep is en daarom is dit nie ingesluit nie.

| Tot Week 42 Miljoen 15 Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Aanvanklike skatting | Nuutste voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2010 | 2011 | 2012 | 2012 | 2012 | 2011 | 2011 |
| Pomelo's | 12.5 m | 14.5 m | 12.8 m* | 15.2 m | 12.8 m | 16.2 m | 15.3 m |
| Sagte Sitrus | 7.5 m | 6.9 m | 7.6 m | 7.6 m | 7.6 m | 6.9 m | 6.7 m |
| Suurlemoene | 9.6 m | 10.7 m | 10.6 m** | 11.1 m | 10.6 m | 10.8 m | 10.2 m |
| Nawels | 22.9 m | 20.7 m | 23.6 m | 22.9 m | 23.6 m | 21.2 m | 61.7 m**** |
| Valencias | 46.3 m | 40.8 m | 46.2 m*** | 46.1 m | 46.2 m | 44.2 m | |
| | 98.8 m | 93.6 m | 100.8 m | 102.9 m | 100.8 m | 99.3 m | 94.9 m |

'* RSA 12.1 m; Swazi 0.6 m; Zim/Moz 0.1 m ** RSA 10.5 m; Swazi 0.1 m; *** RSA 43.3 m; Swazi 0.9 m; Zim/Moz 2 m; ****Alle Lemoene

**AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY WAT DEUR PRODUSENTE BEFONDS WORD VERSEKER 'N GLOBAAL MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKA SITRUSBEDRYF**